# 7 Februarie 2024 - Lesing 231 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Geestelike laagtepunt – Motivering van die ontbinding – 25/10/61

**NO: 8026** Daar is 'n groot **geestelike vervlakking** waar te neem, want die mense toon weinig belangstelling vir die gebeurtenisse wat hulleself **op geestelike vlak afspeel.**

Hulle skenk slegs aandag aan wêreldgebeure en die gevolge daarvan op hul liggaamlike lewe; hulle is slegs met aardse gedagtes gevul en het **geen enkele verbinding met die geestelike wêreld nie**. Hulle gedagtes is selde of ooit op die ryk gerig wat nie van hierdie wêreld is nie.

**Hulle glo slegs wat hulle kan sien**, en staan egter ongelowig teenoor al die geestelike belewenisse. Hulle glo nie aan My nie, anders sou hulle ook die verbinding met My gesoek het, met My, hul God en Skepper van ewigheid. Al die geestelike is vir hulle onwerklik en daarom hou hulle hulself ook nie daarmee besig nie.

En word hulle deur hul medemens in gesprekke betrek wat My tot inhoud het, dan wys hulle dit af en **gee hul ongeloof ook openlik toe.** Hulle het geen geestelike verbinding nie omdat die aardse materie hulle geketting hou - en hiermee dus My teenstander, aan wie hulle behoort en van wie hulle hulself ook nie probeer losmaak nie.

En die lae geestelike vlak is ook 'n rede vir die einde van die ou aarde, die einde van 'n verlossingsperiode wat 'n ontbinding van die aardse skepping vereis.

**Want die aarde moet 'n plek van skoling wees vir die geestelike wat as mens beliggaam oor die aarde gaan**.

Maar op die geestelike in die mens word geen ag meer geslaan nie, **die mens beskou sy aardse lewe as doel op sigself** en hy voldoen daarom nie aan sy eintlike doel nie, hy kom sy bestemming op aarde nie na nie. Hy laat die geestelike ontwikkeling van sy siel buite beskouing. Hy leef in totale onwetendheid oor sy lewenstaak en hy sal die kennis daaroor ook nooit verkry nie, omdat hy homself daarteen verweer om uitsluitsel te kry.

**Hy wys alle opheldering of onderrigting af** wat aan hom van die kant van gelowige mense gegee word, maar hy kan nie deur dwang tot insig gebring word nie, omdat dit indruis teen My Liefde en Wysheid.

En daarom wend Ek nog voor die einde ander middele aan om tenminste nog diegene aanleiding tot nadenke te gee wat nog nie geheel aan My teenstander ten prooi geval het nie. Hierdie middele sal weliswaar baie pynlik wees, omdat die mense deur die noodlot **bepaald hard getref moet word**, sodat hulle tot besinning kan kom en die weg na My neem.

Hulle sal in die grootste nood beland en **aards geen hulp meer kan verwag nie**, dan eers is dit moontlik dat hulle aan die Mag sal dink Wie hulle geskape het. Dan eers is dit moontlik dat hulle vanuit die diepste van hul hart tot hierdie Mag roep en dan sal Ek waarlik ook hul aanroep hoor en verhoor.

Ek sal My dan deur **openlike hulp** aan hulle openbaar, deur redding uit hul nood. Maar op woorde wat slegs deur die lippe gespreek word let Ek nie, slegs 'n gebed vanuit die hart, **'n gebed in gees en in waarheid** sal by My verhoring vind, omdat Ek nog voor die einde elke siel wil red wat ernstig na My verlang, sodat hulle nie weer verlore sal gaan vir eindelose lang tye nie.

Die geestelike vervlakking van die mense is aanleiding tot **moeilike slae van die noodlot** wat nog oor die mense sal uitbreek om hul denke te verander, sovêr as wat dit maar moontlik is. Die verganklikheid van aardse goedere laat nog vele tot besinning kom en ernstig die toestand van hul siel oordink. Maar steeds bly die wil vry, die weg na My moet hulle heeltemal onbeïnvloed neem. Maar vir hulle is hul redding verseker wanneer hulle hierdie weg gaan, want dit gaan **slegs om die heil van hul siele**, nie oor hul liggaamlike welsyn nie.

Dit gaan alleen maar daarom, **dat hulle My Self erken**, dat hulle in My glo, wat hul bewys deur 'n roep na My in gees en in waarheid. Hulle sal dan gered wees van die verderf, hulle sal deur My Liefdevolle Vaderhand vasgehou en van die hande van My teenstander ontruk word, wat teenoor die vrye wil van die mens magteloos is, en hy dan sy aanspraak op hierdie siel verloor.

En waarlik, elke mens sal geseënd wees wat nog voor die einde vir My kies, wat in sy nood sy toevlug neem tot My en hom deur My Liefde laat vashou. Want Ek sal hom nie laat val nie en hy sal My ewig dankbaar wees dat Ek tot aan die einde vir sy siel geworstel het, dat My Liefde niks onbeproef gelaat het om haar vir ewig te wen nie. Amein.